# Wortels en Vrugte: Boom tot Boom

**Eduan Els 28/07/2019**

**Galasiërs 5:22-23 "Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is daar nie 'n wet nie."**

## 1. HOE OM ONS VRUGTE BETER TE VERSTAAN:

**1.1.** Om die geestelike vrugte beter te verstaan, moet ons kyk na die eerste boom wat die mensdom teëgekom het en hoe dit ons bestemming verander het. Die eerste boom was die boom van kennis van goed en kwaad.

**1.2.** Adam en Eva het van die verbode boom geëet en die sondeval het gevolg. Die probleem hier was nie die eet van 'n vrug nie. Dit was die feit dat die vrug kennis van goed en kwaad aan die mensdom gegee het sonder God se leiding.

**1.3.** Hulle het oornag 'n reëlboek verteer wat geen ruimte vir God se leiding gelaat het nie. God moes hul gids gewees het, nie 'n boom nie. Hulle moes deur verhouding moraliteit geleer het, en nie deur godsdienstige wetgewing nie.

**1.4.** Gelukkig het Jesus die vloek wat op die mensdom geplaas was, verlos deur 'n vloek vir ons te word.

**Galasiërs 3:13 "Vervloek is elkeen wat hang [gekruisig] aan 'n boom."**

**1.5.** Dit het alles met 'n boom begin en toe weer met een geëindig. Hierdie laaste boom het ons verhouding met die bron van alle kennis herstel - God het weer ons gids geword.

## 2. HOE OM TE LEEF MET GOD AS ONS GIDS:

**2.1.** Ons moet gelei word deur Heilige Gees en nie 'n reëlboek nie - Ons het direkte toegang tot die Heilige Gees, ons het 'n verhouding met Hom. Ons moet net met Hom praat en dan die tyd neem om stil te word en van Hom te hoor.

**Romeine 6:14 "Julle staan nie meer onder die loodsware las van die sonde nie. Daardie mag is vir altyd gebreek. Julle hoef ook glad nie meer al die reëls van die wet na te kom om God se guns te probeer wen nie. Julle leef nou net uit sy goedheid."**

**Hebreërs 12:10-11 "Ons vaders het ons vir 'n kort tydjie gedissiplineer soos hulle dit goedgevind het, maar God doen dit beslis tot ons beswil, met die doel om ons te laat deel in sy heiligheid. Elke vorm van tug lyk vir ons op die oomblik meer na 'n rede vir trane as vir blydskap, maar later sal dit vir hulle wat daardeur gedissiplineer is, 'n vredevolle oes oplewer van 'n lewe volgens die wil van God."**

**Johannes 14:16-17 "Ek sal vir die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Helper gee. Die Helper is die Heilige Gees. Die Gees sal altyd by julle bly. Hy is die Gees wat vir julle sal wys wat die waarheid is. Die mense wat aan die wêreld behoort, kan die Gees nie ontvang nie, want hulle sien Hom nie en hulle ken Hom nie. Maar julle ken die Heilige Gees, want Hy bly by julle en Hy is in julle."**

**Galasiërs 5:25 "Laat ons in pas bly met die Gees, omdat ons deur die Gees leef."**

**Romeine 8:15 "Onthou: God het sy Heilige Gees gegee aan julle wat in Hom glo. Dit is Hy wat julle kinders van God gemaak het. Verder is dit ook Hy wat nou 'n diep verlange na God in julle binneste wakker maak. Die Gees roep voortdurend in julle binneste uit: "Vader, liefdevolle Vader!" Hy sorg dat daar 'n onbreekbare band tussen God en julle is."**

**2.2.** Ons moet ons vrugte onvoorwaardelik deel - Ons is geroep om dissipels te wees wat dissipels maak.

**Matteus 10:8 "Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."**

**Matteus 9:37-38 "Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."'**

**2.3.** Ons moet getrou bly aan Sy proses – Ons moet doelgerig wees met ons lewens en dit waarvoor God ons geroep het.

**Jakobus 1:2-4 "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."**

**2 Timoteus 2:13 "As ons ontrou is, bly hy getrou, want hy kan Homself nie verloën nie."**

**1 Korintiërs 9:24-27 "Onthou, daar hardloop baie atlete op die baan, maar net een ontvang die prys. Hardloop só dat julle die prys sal ontvang. Al die deelnemers pas absolute selfdissipline toe. Húlle doen dit om 'n prys te wen wat heel gou sal vergaan. Maar óns doen dit vir 'n ewige prys. Daarom pyl ek reguit op die wenpaal af, doelgerig met elke tree wat ek gee. Ek is soos 'n bokser wat met elke hou tref. Ek brei my liggaam en dissiplineer dit om werklik bruikbaar te wees. Ek wil tog nie, terwyl ek vir ander gepreek het, self deur God gediskwalifiseer word nie."**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Voel dit of jy volgens 'n reëlboek lewe of laat jy jouself toe om deur die Heilige Gees gelei te word?
2. Is jy gewillig om vrylik jou vrugte te deel, selfs al beteken dit dat sommige mense wat van dit eet nie jou vrugte waardeer or verdien nie?
3. Hoe kan jy, persoonlik, meer doelgerig wees met jou lewe en dit waarvoor God jou geroep het?